

23 Januarie

Lukas 9:57-62, (Teks: 9:62)

***Nie trurat, maar volstoom vorentoe***

Die jaartelling 1999 val nogal lekker op die tong, maar ons sal nog gewoon moet word om te praat van die jaar 2000 en dan sal twintig-een eers kom. Eie aan die aard van die mens deins 'n mens bietjie terug vir die verandering van die nuwe wat voor ons lê. Ons raak liever nostalgies oor die verlede: Toe ek 'n kind was...; Toe ons nog jonk was...; Daar waar ek vandaan kom...; Die goeie ou dae...

Aan die ander kant kan ons so wroeg oor wat gebeur het: As ek maar net geweet het, dan het ek anders opgetree...; As ek maar net anders opgetree het, dan het dit nie nou gebeur nie...

Dit lyk amper asof ons ons nie kan losmaak van die verlede wat onherroeplik verby is nie. Die opdrag wat Jesus Christus hier aan die koninkryksburgers gee is heel eenvoudig: "Vergeet wat agter is en strek jou uit na wat voor is," (Vgl. Fil. 3:13).

In vers 62 gaan dit om die koninkryk van God. Die koninkryk is nie verlede tyd nie. Dit is nie 'n ding nie, dit is daad, dit is sigbaarmaking van die heerskappy van Jesus Christus in die harte en lewens van mense.

Dit is die Heilige Gees wat ons van harte gewillig en bereid maak om te doen wat God van ons verwag om te doen. Ons wil dit doen uit dankbaarheid vir die verlossing deur Christus. Op grond van die offer wat Hy gebring het, het ons burgers van sy koninkryk geword en die kenmerkende van hierdie burgers is dat hulle sê: Spreek Here, ek sal doen; Stuur Here, ek sal gaan.

Die toekoms is die braakland waar ek hand aan die ploeg kan slaan, wil slaan en moet slaan. Daar, waar en wanneer ons met blydschap doen wat God van ons verwag om te doen, daar sal die koninkryk van die hemele sigbaar word - dus nooit in trurat nie, maar altyd vorentoe. Ons moet soms inbeur teen die opvattinge van mense, teen tradisies, teen populêre en maklike oplossings in. Inbeur, want om die wil van God te doen is nie altyd die maklike middeweg nie. Voor ons lê die uitdagings en die geleenthede.

Koninkryksburgers beur vorentoe op die regte weg.

Sing: Psalm 45:1,16

Dr. D.J.S. Steyn (Benoni-Noord)